# Hoofstuk van die dag: Matteus 8

> *Hulle kom toe en maak Hom wakker en sê: “Here, red ons! Ons vergaan!” (vers 25)*

’n Mens kan die dissipels se verwardheid goed verstaan. Hulle het seker, soos ons ook dikwels dink, gemeen dat daar nooit

iets met hulle verkeerd kan gaan nie, want hulle is volgelinge van die Here Jesus.
Om Jesus te volg gee nie vir jou 'n waarborg dat alles altyd voorspoedig sal gaan nie. Daarom moet ons nie aan God se liefde begin twyfel en dink Hy het ons vergeet as daar donker dae kom nie. Omdat jy glo, kan jy weet dat God altyd by jou is om jou deur gevare te help. Want 'n kind van God weet: God is in beheer van my lewe en my toekoms.
Daarom bid ons nie: "Here, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?" – want ons weet Hy géé om. Daarom bid ons eerder met die digter in Klaagliedere 3:24: "Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom." Dit is hierdie hoop wat Dawid in Psalm 23:4 bely as hy sê: "Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig."



© Bybelkoerant 2018 – 2026